# Kwartaal 3 Voorbeeld-kontroletoets

Tyd: 60 minute
Punte: 100 punte
Kernkennis: Finansiële geletterdheid, Entrepreneurskap

## Afdeling A

1. Kies die korrekte antwoord.

1.1 Geld in die bank deur die eienaar gedeponeer om kapitaal te verhoog: (2)

A Bates –; Laste 0; E – B Bates –; Laste –; E 0
C Bates +; Laste 0; E + D Bates – +; Laste 0; E 0

1.2 Die besigheid betaal lone per tjek: (2)

A Bates –; Laste 0; E – B Bates +; Laste 0; E +
C Bates –; Laste 0; E 0 D Bates – +; Laste 0; E 0

1.3 Betaal R3 000 op die lening van Robobank: (2) A

Bates –; Laste 0; E – B Bates +; Laste 0; E +
C Bates – +; Laste 0; E 0 D Bates –; Laste –; E 0

1.4 Betaal Skryfbehoeftes Groothandelaars per EFO vir skryfbehoeftes wat vir die kantoor gekoop is: (2)

A Bates –; Laste 0; E – B Bates +; Laste 0; E +
C Bates –; Laste –; E 0 D Bates – +; Laste 0; E 0

1.5 Koop tweedehandse motor by Zondi Motors en betaal per tjek: (2)

A Bates –; Laste 0; E – B Bates – +; Laste 0; E 0
C Bates –; Laste –; E 0 D Bates +; Laste 0; E +

2. Vul die korrekte term in:

2.1. ’n _________ is ’n besigheid met een eienaar. (2)

2.2 Die eienaars in ’n ___________ is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die besigheid se skuldlaste. (2)

2.3 ’n _________ het tussen een en tien eienaars. (2)

2.4 Die eienaars in ’n ___________ kan slegs mense uitnooi om mede-eienaars in hul besigheid te word. (2)

2.5 Mense met klein hoeveelhede om te belê mag mede-eienaars in ’n ________ word. (2)

[20]

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

## Afdeling B – Finansiële geletterdheid

3. Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.
Palisa Sakedienste bied sekretariële dienste aan klein besighede. Die maatskappy het die volgende transaksies:

Maart 2012
1 Palisa wissel tjek nommer 78 om die deposito te betaal vir 'n vakansie in September, R1 200
Betaal Sally White salaris, R5 000 (EFO 17)
5 Ontvang R10 000 van Palisa om kapitaal te verhoog (Kwit 31) Ontvang kontant vir werk wat gedoen is, R6 000 (Kwit 32)
12 Lopende inkomste, R3 750 (Kwit 33)
15 Wissel tjek vir brandstof, R670 van Bawa Motors (Tjek 79)
19 Lopende inkomste, R2 000 (Kwit 34)
24 Betaal lone, R980 (Tjek 980)
25 Ontvang geld vir werk wat gedoen is, R5 890 (Kwit 35)
31 Betaal Sally White salaris, R5 000 (Tj 81)
Betaal Highline Versekering, R6 500 (EFO 8), en Sutara Rekenmeesters, R4 950 (EFO 9)
Wissel tjek 82 vir brandstof, R690

3.1. Voltooi die KOJ en KBJ vir Palisa Sakedienste. (50)
3.2. Lewer kommentaar oor die maand se banksyfers. (6)
[56]

## Afdeling C – Entrepreneurskap

4. Kyk na die prent, lees die byskrif en beantwoord dan die vrae wat volg.
4.1. Verduidelik die term kontinuïteit in 'n besigheid. (4)
4.2. Andile Verskaffers is 'n vennootskap met agt vennote. Hulle het almal gelyke hoeveelhede kapitaal bygedra. Lewer kommentaar oor hierdie situasie en stel 'n ander vorm van eienaarskap voor wat hulle probleem kan oplos. Gee redes vir jou voorstel.



Julle moet almal weet dat ek die vennootskap verlaat as gevolg van swank gesondheid. Wat gaan ons oor die kontinuïteit van die besigheid doen?

(20) [24]
Totaal: 100 punte

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

# Kwartaal 3 Voorbeeld-kontroletoets- memorandum

Onderwysersgids bladsy 192

| Vraag | | Afdeling | | Kognitiewe vlak | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Fin Gelet. | Entrep. | KV1 | KV2 | KV3 |
| 1 | Veelvuldige vrae | 10 | | 10 | | |
| 2 | Verskaf die ontbrekende woord | | 10 | 10 | | |
| 3 | Finansiële geletterdheid | 56 | | | 50 | 6 |
| | | | | | | |
| 4 | Entrepreneurskap | | 24 | 4 | | 20 |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | 66 | 34 | 24 | 50 | 26 |
| | Behaal | 66 | 34 | | | |
| | Vereiste | 100 | | 30% | 40% | 30% |

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

# AFDELING A

1.1 C – Bates +; Laste 0; EB +
1.2 A – Bates –; Laste 0; EB –
1.3 D – Bates –; Laste –; EB 0
1.4 A – Bates –; Laste 0; EB –
1.5 B – Bates – +; Laste 0; EB 0 (10)
2.1 alleenhandelaar
2.2 vennootskap
2.3 beslote korporasie
2.4 privaat maatskappy
2.5 openbare maatskappy

# AFDELING B – Finansiële geletterdheid

3.1 Kontantontvangstejoernaal van Palisa Sakedienste vir Maart 2013

| Dok. nr. | Dag | Besonderhede | Fol. | Ontleding | | Bank | | Lopende inkomste | | Diverse Rekeninge Bedrag | | Diverse Rekeninge Fol. | Diverse Rekeninge Besonderhede |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kwi 31 | 5 | Palisa Marumo | | | | 10 000 | 00 | | | 10 000 | 00 | | Kapitaal |
| Kwi 32 | | Kontant | | 6 000 | 00 | 6 000 | 00 | 6 000 | 00 | | | | |
| Kwi 33 | 12 | Kontant | | 3 750 | 00 | 3 750 | 00 | 3 750 | 00 | | | | |
| Kwi 34 | 19 | Kontant | | 2 000 | 00 | 2 000 | 00 | 2 000 | 00 | | | | |
| Kwi 35 | 25 | Kontant | | 5 890 | 00 | 5 890 | 00 | 5 890 | 00 | | | | |
| BS | 31 | Robobank | | 34 | 00 | 34 | 00 | | | 34 | 00 | | Rente ontvang |
| | | | | | | 27 674 | 00 | 17 640 | 00 | 10 034 | 00 | | |
| | | 6 ÷ 2 = 3 | | (6 ÷ 2) = 3 | | (7) | | (5) | | (3) | | | (2) |

Kontantbetalingsjoernaal van Palisa Sakedienste vir Maart 2013

| Dok. nr. | Dag | Besonderhede | Fol. | Bank | | Brandstof | | Lone | | Diverse Rekeninge Bedrag | | Diverse Rekeninge Fol. | Diverse Rekeninge Besonderhede |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Tj 78 | 1 | Palisa Marumo | | 1 200 | 00 | | | | | 1 200 | 00 | | Onttrekkings |
| EFO 7 | | Sally White | | 5 000 | 00 | | | 5 000 | 00 | | | | |
| Tj 79 | 15 | Bawa Motors | | 670 | 00 | 670 | 00 | | | | | | |
| Tj 80 | 24 | Kontant | | 980 | 00 | | | 980 | 00 | | | | |
| Tj 81 | 31 | Sally White | | 5 000 | 00 | | | 5 000 | 00 | | | | |
| EFO 8 | | Highline Versekering | | 6 500 | 00 | | | | | 6 500 | 00 | | Versekering |
| EFO 9 | | Sutara Rekenmeesters | | 4 950 | 00 | | | | | 4 950 | 00 | | Rekening-kunde- fooie |
| Tj 82 | | Kontant | | 690 | 00 | 690 | 00 | | | | | | |
| | | | | 24 990 | 00 | 1 360 | 00 | 10 980 | 00 | 12 650 | 00 | | |
| | | (8 ÷ 2) = 4 | | (9) | | (3) | | (4) | | (5) | | | (4) |

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

3.2 Onderwyser: Gebruik eie oordeel om rede die leerders word gevra om hul opinie te gee. Tog moet hul opinie ondersteun word deur logiese denke om die punte te kan behaal.

Voorstelle:

- Die inkomste oorskry die uitgawes om rede die eienaar addisionele kapitaal bygevoeg het. √√
- Die bankbalans sou wees R2 684 √√
- Palisa het ook R1 200 geneem vir haar eie gebruik sonder om aan die kontantvloei van die besigheid te dink. √√
- Die salaris was twee keer in een maand betaal en dit kon ’n fout gewees het.√√

(Maks. 6)

## AFDELING C – Entrepreneurskap

4.1 Die lewe van die besigheid hang nie af van die lewe van die eienaars nie. √√ Dit beteken dat die besigheid ’n wettige persoon is en al die voordele van ’n wettige persoon geniet.√ √ Indien ’n eienaar sterf, aftree of weggaan, gaan die besigheid voort asof dit nie gebeur het nie. √√ (Maks. 4)

4.2 Gebruik eie oordeel met die leerders se antwoorde. Alhoewel hul vir hul eie opinie gevra is, is die enigeste vorm van eienaar wat pas die van ’n private maatskappy. ’n Beslote korporasie mag nie meer gevorm word nie en ’n openbare maatskappy stel hul te veel bloot aan ander wat beheer kan oorneem.

| Kriteria vir assessering: | Punte toekenning | |
|---|---|---|
| Inleiding | 4 | |
| Verduideliking van ’n vennootskap | 6 | |
| Nadele van ’n vennootskap | 6 | |
| Beskrywing van ’n private maatskappy | 6 | |
| Voordele van ’n private maatskappy | 6 | |
| Gevolgtrekking | 4 | |
| | 32 | Maksimum 20 |

Alhoewel ’n leerder met ’n perfekte antwoord 32 punte kan kry, sal hy of sy slegs 20 behaal. Die leerders moet in opgelei word om ’n 20 punt vraag te beantwoord. Dit impliseer 10 feite uitgeskryf in volsinne = 2 punte. Die leerders moet die vereisde komponetne in die vraag identifiseer en hul feite daarvolgens toeken. Die eksaminator behoort altyd meer punte toeken as wat die maksimum vir die vraag is, om rede die leerders nie weet hoe die eksaminator die punte verdeel het nie. Indien die leerder slegs die helfte van die vraag beantwoord het, moet hulle ook die helfte van die punte behaal.

Totaal: 100 punte

© Oxford University Press, Southern Africa 2013